

Vrydag 29 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium
29:1 – 30:20

Fokusgedeelte: Deuteronomium
29:1, 9, 29; 30:6, 14 (1933/53-
vertaling)

Die HERE handhaaf sy genadeverbond in Jesus Christus

Die HERE vernuwe sy genadeverbond met sy volk soos dit opnuut gesluit is by Sinaï. Hy herinner hulle aan sy groot weldade wat Hy aan hulle bewys het, saam met 'n oproep om nou in dankbaarheid as sy verlore volk sy verbond te onderhou. Hy sal getrou bly aan sy beloftes van redding en sorg, maar as hulle afdwaal van sy verbond en gebooie, sal Hy ook sy strawwe stuur. Sy volk moet nooit vergeet van hulle genadige verlossing uit Egipte en dat Hy in die woestynlewe vir hulle sorg nie. Daarom ook die oproep aan die einde van hoofstuk 29: *“Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet”* (vs 29).

En nou is die hartseer dat die volk in Moses se tyd, maar ook die ganse Ou Testamentiese tydperk, nooit volkome die verbond van die Here onderhou het nie, maar telkemale verbreek het, later ook in die beloofde land. En die verdere hartseer is dat ons vandag nog baie keer nie van harte in dankbaarheid die gebooie en wil van die Here onderhou nie. Hoe kan ons dan as sy volk voor die Here verskyn en aanhou lewe, want Hy is mos 'n regverdige heilige God, Skepper van hemel en aarde, wee ons! Die groot troos is dat die HERE ook 'n genadige, barmhartige, reddende God is; ons hoor dit daar in Deuteronomium 30:6: *“En die HERE jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe.”* Ja, die Here sal self ingryp en ons van harte besny deur sy Gees, daardie besnydenis wat deur die geloof in Jesus Christus plaasvind (Deut. 30:14; Rom. 10:8-10; Kol. 2:11-15), omdat Jesus die verbond volkome kom vervul en onderhou in ons plek (Heb. 8-10). Sy Gees was ons sondes af en reinig ons, omdat Christus die vloeke van die verbond in ons plek volkome gedra het, sodat ons nou opnuut in 'n dankbaarheidslewe kan volhard, volgens die geopenbaarde dinge, die wet van God.

Sing: Psalm 119-1:53

Ds. S Le Cornu (Slabbert) (Carletonville)